

## **RIGLYNE 2019 - BYKOMENDE WENKE**

### **BORDUURWERK: LINTBORDUURWERK**

**Vereiste:** Groetekaartjie of muurprent in montering

**Ontwerp:** 'n Suksesvolle ontwerp is 'n voorvereiste en die plasing van die fokuspunt is baie belangrik. Laat genoeg agtergrond spasie om goeie balans te verseker.

**Borduurstof:** Gebruik duursame agtergrond materiaal wat nie te stewig geweef is nie aangesien dit die lint kan beskadig. Waak teen blaserigheid wat die ontwerp kan vervorm.

**Borduurdraad:** Tekstuurvariasie word verkry deur verskillende breedtes lint te kombineer en die tipe bykomende steke wat gebruik word. Knip punte van lint skuins om maklik deur naald se oog te gaan. Pas tegnieke aan by breedte van lint om bol- of holvormige voorkoms te skep. Lint krul maklik, laat dus gereeld los twyn.

**Borduurnaalde:** Skerppuntnaalde (Chenille) naalde word gebruik vir borduurwerk en tappiserienaalde vir deurryg of vlegwerk. Oog van naald moet groot wees om die lint nie te beskadig, uitrafel of glans te laat verloor nie.

| Garingdikte      | Tappiserienaald | Chenillenaald |
|------------------|-----------------|---------------|
| Pêrelkatoen no 5 | no 22           | no 6          |
| no 8             | no 24           | no 7          |
| no 12            | no 26           | no 9          |

Gebruik nuwe naalde (nie skurf, gebuig of ogie skerp geslyt)

Om wegwerk van lintpunte aan agterkant te vergemaklik, gebruik 'n ekstra lagie kaasdoek of organdie as voering waarin dit gedoen kan word.

**Afwerking:** Voering en/of wateersel is opsioneel. Dra sorg dat die montering of groetekaartjie se kleur die artikel komplimenteer.

### **MASJENWERK: DRASAK**

**Vereiste:** Drasak vir 'n warm of koue opdienbak of – skottel.

**Algemeen:** Handwerk moet tot 'n minimum beperk word en naaimasjien moet optimaal benut word. Deurstikwerk versterk artikel en verleen stewigheid en stabiliteit. Tussenvoering kan isolasie verskaf en artikel versterk.

Appliekwerk en/of masjienborduurwerk mag gebruik word. Bykomende tooisels soos gallon, skuinsband of katoenkant of -lint is toelaatbaar maar mag nie die masjienwerk oorheers nie. Aangesien hierdie 'n gebruiksartikel is, moet tooisels daarby aanpas. Hoeke moet uitgedun wees en nate gegradeer. Voering wat geanker is, is prakties maar die wasproses daarvan moet aanpas by die versorging van die verkose tekstielstof,

Wateersel of ander isolasiemethode om bak warm of koud te hou sal praktiese gebruik verbeter. Pars oordeelkundig.

Steeklengte en steekspanning word bepaal deur die keuse van tekstielstof.

Gekoopte handvatsels is toelaatbaar maar verlaag die moeilikheidsgraad.

### **HEKELWERK: KOUSBAND**

**Vereistes:** Voltooide kousband vir 'n bruid

**Wenke:**

Draai wanneer aan agterkant nog 'n ry gehekel word sodat regtekant na buitekant wys.

Tooisels moet in verhouding wees met die artikel.

### **PRESERVERING: SUURLEMOENSMEER**

**Vereistes:**

Mooi blink heldergeel of groengeel suurlemoensmeer, aangebied in 'n 375 ml heuningfles

Resep:

4 groot suurlemoene, buitenste skil fyn gerasper, sap uitgedruk en deur sif

Gebruik dan 200 ml van hierdie uitgedrukte sap

400 ml (320g) suiker

Wenke: Verwyder merkies op die suurlemoene se skil.

Maak seker die suiker is skoon.

Breek eiers een vir een in piering en verwyder albumien stringetjies.

Waak teen hoë hitte anders vorm wit van eiers wit spikkels.

### **GEBAK: SES VERSIERDE KOEKIES**

**Vereistes:**

6 koekies versier met koninklike inloopversiersel wat 'n tema uitbeeld, aangebied op 'n plat bord.

**Wenke:**

Resep korrek

metode stap 1: Room botter, margarien en suiker

L.W. Indeling van punte verskil aangesien voorkoms ook baie belangrik is.

Koekies moet tema uitbeeld t.o.v. vorm of versiering.

Koekies mag dus wissel in vorm maar met soortgelyke versierings of eenvormige vorms en verskillende versierings bv. verskillende letters of syfers ( Dink aan die bekende "zoo cookies" van lank gelede!)

Die tema moet egter duidelik herkenbaar wees.

\*\*\*\*\*